LES 5: LEIERSKAP EN BESTUUR (Vervolg)

1.Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

FOAMBRIGHT (EDMS.) BPK. (FB)
Jozi en Jane is bestuurders by 'n groot wassery-onderneming, Foam Bright (Edms.) Bpk., in Kimberley.
Jozi bestuur die wassery en droogskoonmaakafdeling en verander gewoonlik haar leierskapstyl om by die taak voor haar aan te pas.
Jane is die bemarkings-, administrasie- en afleweringsbestuurder en glo dat tyd geld is. Sy het 'n wasgoed 'oplaai-en-aflewer'-diens ingestel wat 'n verhoging in inkomste sal verseker. Sy bied aansporingslone aan om werknemers te motiveer om weeklikse teikens en spertye te haal. Indien werknemers nie spertye haal nie, kan hulle nie hulle hele aansporingsloon

Beantwoord die volgende vrae

1.1 Jozi is 'n tipiese voorbeeld van 'n situasionele leier. Haal uit die scenario hierbo aan om hierdie stelling te ondersteun. (1)

1.2 Identifiseer die soort leierskap wat Jane meestal as bestuurder in haar afdeling toepas. Motiveer jou antwoord deur inligting in die scenario hierbo te gebruik. (3)

1.3 Evalueer die impak van Jane se tipe leierskap, waarna in VRAAG 1.2 verwys word, op sakebedrywighede. (6)

1.4 Analiseer die toepassing van die burokratiese leierskapstyl in die werkplek. (6)

2. Sarah is ‘n dinamiese leier wie glo in verandering.

2.1 Identifiseer die soort leierskap wat Sarah as bestuurder toepas. (1)
2.2 Noem DRIE voordele van die tipe leierskap (8)

3. Vergelyk die situasie leierskapstyl met die transformasie leierskapstyl . (8)